



# KONTIKI

## PREPRIMÊR

Posbus 28076 Danhof 9310 • Genl Hertzogstraat 100 Dan Pienaar Bloemfontein  
051 436 3370 • [kontikipps@telkomsa.net](mailto:kontikipps@telkomsa.net) • [www.kontiki.co.za](http://www.kontiki.co.za) •  Visit us on Facebook

## HIV BELEID

Goedgekeur deur die Beheerliggaam op 27 Julie 2017.

---

### WAT IS HIV / VIGS

- HIV is 'n virus wat in liggaamsvloeistowwe, soos bloed en spoeg voorkom.
- Dit kan slegs deur besmette liggaamsvloeistowwe oorgedra word.
- Die immuunstelsel is die liggaam se beskermingsmeganisme teen infeksie.
- HIV val die immuunstelsel aan en verminder die liggaam se weerstand teen infeksie.
- HIV breek die liggaam naderhand so af dat dit geen weerstand bied nie en dit lei dan tot dood.
- VIGS is die laaste fase van HIV-infeksie.

### HOE VERSPREI DIT

HIV is 'n aansteeklike siekte, maar daar is slegs 'n paar maniere waarop dit, deur draers van die virus, oorgedra kan word.

- Seksuele omgang is die algemeenste manier van oordrag, aangesien die virus in sperm en vaginale vloeistof voorkom.
- Die virus kan aan babas van moeders met HIV, net voor of gedurende geboorte, of deur borsvoeding oorgedra word.
- Die virus kan deur besmette bloed versprei word, deur die kontak van wonde.
- Dwelmmisbruikers wat naalde deel kan die virus oordra.
- Besmette bloed kan deur middel van bloedoortappings oorgedra word.

## HOE VERSPREI DIT NIE

- Jy kan nie HIV kry as jy 'n huis, tafel, stoel, kantoor, telefoon, koppie, vurk, bord, beker, toilet, handoek, laken of klere met iemand deel wat dit het nie.
- Jy kan dit nie kry deur kos, 'n bad, 'n swembad te deel of iemand se hand te skud wat HIV het nie.
- As jyiemand wat HIV het druk of op die lippe soen kan jy dit nie kry nie.
- Jy kan nie HIV kry deur 'n muskiet of 'n vlooi wat 'n besmette persoon gebyt het nie.
- Jy kan nie HIV kry deur die verloop van normale opvoedkundige aktiwiteite in 'n leeromgewing nie.

## SIMPTOME

- Meeste persone met die HIV virus het vir 'n lang tyd geen simptome nie.
- Meeste persone met HIV voel goed en kan produktief in hulle werksplek en gesinne funksioneer vir tussen 5 en 8 jaar na die besmetting met die virus.
- Party mense kan egter simptome begin toon kort na besmetting.
- Wanneer simptome begin is dit 'n aanduiding dat HIV die VIGS-fase betree.

## PLIGTE EN VERANTWOORDELIKHEDE VAN OPVOEDERS EN OUERS

- ❖ Alle leerders en opvoeders moet die regte van ander leerders en opvoeders respekteer.
- ❖ Die beleid moet voorsiening maak vir die onaanvaarbaarheid van gedrag wat die risiko van HIV-oordrag verhoog.
- ❖ 'n Persoon / ouer van 'n leerder hoef nie sy / haar HIV-status aan ander bekend te maak nie.
- ❖ Opvoeders moet seker maak dat die reg teen menswaardigheid van die kleuters nooit aangetas word nie.
- ❖ Opvoeders mag nie weier om 'n leerder wat HIV-positief is te onderrig nie.
- ❖ Opvoeders en ander personeel mag nie afgedank word weens hulle HIV-status nie.

## **BLOEDBELEID**

### **VEILIGE HANTERING VAN BLOED BINNE DIE SKOOLOMGEWING**

- Die enigste moontlike risiko vir die oordrag van die HIV-virus is deur kontak met besmette bloed.
- Die risiko kan verwyder word deur goeie basiese eerstehulp.
- Die goue reël hier is die toepassing van Universele Voorsorgmaatreëls.

### **Universele voorsorgmaatreëls**

- Universeel want dit omvat iedere persoon en iedere liggaamsvloeistof.
- Universele Voorsorgmaatreëls is noodsaaklik, want dit is nie altyd moontlik in 'n leeromgewing om te weet wie die HIV-virus dra nie.
- As gevolg van die langdra-tydperk voor simptome sigbaar is, bestaan die moontlikheid dat die draer self nie bewus gaan wees van sy/haar HIV-status nie.
- 'n Persoon wat HIV-positief is kan in die begin van die siekte HIV-negatief toets.
- HIV is nie die enigste gevaar nie. Ander siektes, soos Hepatitis B, kan ook oorgedra word deur liggaamsvloeistowwe.
- As ons die Universele riglyne volg vir die hantering van bloed, sal ons veilig wees van enige siekte wat deur bloedoordraagbaar is.

### **Inhoud van noodhulpkas**

- 4 paar latex-handskoene (2 groot en 2 medium).
- 4 paar rubber huishoudelikehandskoene (2 groot en 2 medium).
- Materiaal om wonde, snye en skrape te bedek, waterdigte pleisters, ontsmettingsmiddel, skêr, watte, hegpleister en sneesdoekies.
- 'n Mondstuk vir mond-tot-mondasemhalingsprosedures.

## Die hantering van ongelukke en beserings binne die skoolomgewing

1. Die hantering van ongelukke en beserings is slegs die onderwyseresse en assistente se verantwoordelikheid.
2. Niemand mag direk kontak maak met iemand anders se bloed of liggaamsvloeistowwe nie.
  - ✓ Elke noodhulpkas moet handskoene bevat en dit moet ten alle koste gedra word wanneer 'n kind met 'n wond of bloedneus versorg word.
  - ✓ Enigeen wat bloed van 'n area, vloer of lap skoonmaak moet ook handskoene dra.
  - ✓ Dieselfde voorsorg moet getref word vir ander liggaamsvloeistowwe, soos braking, fesus, urine of etter, alhoewel dit hoogs onwaarskynlik is dat 'n persoon HIV hier deur sal kry.
  - ✓ As daar geen handskoene beskikbaar is nie, kan plastieksakke aangewend word as handskoene. Wees egter baie versigtig dat daar nie vloeistof binne die sak insyfer nie.
  - ✓ Alle leerders moet geleer word dat hulle nie self aan bloed of wonde moet raak nie, maar dat hulle dadelik 'n leerkrag in kennis sal stel.
3. Stop die bloeding so gou as moontlik.
  - ✓ As 'n kollega of leerder bloei moet daar dadelik gepoog word om die bloeding te stop, deur druk te plaas direk oor die area met 'n beskikbare lap.
  - ✓ Behalwe as die persoon bewusteloos is of baie ernstig beseer, behoort hy/syself die drukking toe te pas.
  - ✓ Met 'n bloedneus moet die leerkrag aan die kleuter wys hoe om op die korrekte wyse drukking op die neusbrug toe teen sodanig die bloeding te stop.
4. Skoonmaak van wonde.
  - ✓ Nadat die bloeding gestop is moet die wonde met skoon gaas en ontsmettingsmiddel skoongemaak word. As ontsmettingsmiddel nie beskikbaar is nie, kan huishoudelike bleikmiddel (1:9) met water verdun word en gebruik word vir hier die doel.
  - ✓ Wonde moet dan met gaas en 'n waterdigte pleister toegemaak word.
  - ✓ Leerders en opvoeders moet leer om alle wonde, sere en skrape ten alle tye toe te hou.
5. Bestuur van blootstelling aan 'n ander se bloed.
  - ✓ Vel wat aanbloed blootgestel is, moet onmiddelik skoongemaak word.
  - ✓ Lopende water moet gebruik word in die skoonmaakproses. As lopende water nie beskikbaar is nie, moet skoon water gebruik word.
  - ✓ As 'n ontsmettingsmiddel beskikbaar is, moet die oppervlak hiermee skoongemaak word. Indien nie kan huishoudelike bleikmiddel, verdun in water (1:9) aangewend word.

- ✓ As bloed op die gesig gespat het, veral op die oog- of slymmembrane van die neus en mond, moet dit vir 3 minute met lopende water uitgespoel word.
6. Skoonmaak van besmette materiaal of werksareas.
- ✓ Besmette vloere en oppervlaktes moet met verdunde bleikmiddel-en-wateroplossing skoongemaak word.
  - ✓ Verbande en lappe wat bloederigheid bevat behoort in 'n plastieksak verseël en dan verbrand te word.
  - ✓ Enige besmette instrumente of toerusting moet in bleikmiddel gewas word, vir 'n uur geweek en afgedroog word.
7. Verwydering van sanitêre middels.
- ✓ Sanitêre doekies en tampons moet in die sakkies geplaas word wat in die personeelbadkamer beskikbaar is. Daarna moet dit in die asblik gegooi word wat vir hierdie doel daar is. Die betrokke asblik word twee maal per week leeggemaak.

## **BELANGRIKE TEKEFOONNOMMERS**

ATICC (AIDS Training, Information and Counselling Centre) Bloemfontein	051-4058544
Gesondheidsdepartement: HIV / VIGS direktoraat	051-4033855
VIGS Hulplyn	0800-0123-22